BEELD
Friday, 3 November 2006, p. 20

Wat as gestremdheid normaal geag is?

"Every parent's secret dread is a 'dodgy' child," sê die fotograaf Angela Buckland.

Buckland, wat self 'n gestremde kind het, het onlangs saam met navorsers gewerk om 'n reeks foto's te neem wat die uitdagings van gestremdheid uitbeeld.

Dié boek, *Zip Zip my brain harts*, hanteer vraagstukke oor gestremdheid, byvoorbeeld: Wat as gestremdheid normaal geag is in die samelewing? Wat as gestremdheid slegs as een van die vele verskille tussen mense gesien is?

Vir Buckland is die boek in 'n manier uitsluitsel oor iets wat die samelewing dikwels 'n geheim wil hou.

"Die foto's is 'n publieke uitdrukking van die dikwels pynvolle en private uitdagings waardeur ouers met gestremde kinders in Suid-Afrika gaan," sê sy.

Die teks is deur Kathleen McDougall, Leslie Swartz en Amelia van der Merwe, wat almal deur die loop van hul studies of beroepe navorsing oor gestremdheid gedoen het, geskryf.

Die boek kyk ook na die impak wat gestremdheid op die uitgebreide familie het, die stigma wat aan ouers kleef omdat hulle nie "die perfekte kind" in die lewe gebring het nie en die stres wat op verhoudings geplaas word as gevolg van gestremdheid.

Dié boek word deur HSRC Press uitgegee teen R160.

■ *Pols* en Boekehuis bied volgende Woensdag (8 November) 'n koffie-oggend aan waar regter Albie Sachs van die konstitusionele hof, David Goldblatt, fotograaf, en me. Hanlie Swanepoel, voorsitter van Down-sindroom Suid-Afrika, met lesers sal gesels.

Die onderwerpe is Om te lewe met gestremdheid en Om te lewe met 'n kind met gestremdheid.

Die klem sal val op Buckland se nuwe boek.

Waar? Boekehuis, hoek van Lothbury en Fawley, Auckland Park, Johannesburg.

Wanneer? 8 November om 10:00 vir 10:30.

■ RSVP teen Maandagmiddag by ☎ 011 482 3609 of stuur e-pos aan boekehuis@vanschaik.com.

Toegang is gratis en enigiemand is welkom.

Besoekers moet asseblief by Kampus Plein oorkant die Boekehuis parkeer.

Van Buckland se foto's wat in die visuele literatuur, *Zip Zip my brain harts* gepubliseer is.
Foto's: ANGELA BUCKLAND

Pols
'n Sjef is (nie net) 'n sjef